e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

12 Julie 2012
Jaargang 5 – Uitgawe 23

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Hallo! Ek is 'n dominee...

***My naam is Riaan en ek is 'n dominee. Volgens die navorsing (Fuller-instituut, George Barna-groep) is ek een van 'n bedremmelde groep mense. Dominees tel onder die mees depressiewe, eensame, uitgebrande, oorwerkte, onderbetaalde, oorgewig en ongesonde mense. Ons finansies is in 'n gemors. Ons gesinslewe is 'n gemors. Jy weet nie wie jou eintlike vriende is nie. Die meeste van jou werk kan nie gesien word nie en word deur baie as onnodig beskou. Meeste dominees sal uit die bediening gaan voordat hulle aftree-ouderdom bereik*. So sê ene *pastorpelton* op 'n *blog* van die Christian Reformed Church in America.**

Hy sê dat hy die een na die ander *Te Doen*-lysie opstel, net om weer oorweldig te word deur die taak voor hande: siekes om te besoek, hartseer mense om te troos, eredienste om voor te berei, vergaderings om by te woon, en te veel kere kry jy te make met die baie donker kant van die menslike hart. En elke dag staan hy maar weer op en begin van voor af.

Die moeilikheid, sê *pastorpelton,* is dat 'n dominee se werk, anders as meeste ander beroepe, nie vir jou sigbare resultate lewer nie. Ons werk met die geestelike sy van die lewe, en resultate sien jy nie sommer hierdie kant van die ewige lewe nie. Mense is mense en sonde is 'n werklikheid. Maar Jesus het die sonde reeds oorwin. Ons weet egter dat die resultate nie as gevolg van ons is nie, dalk eerder ten spyte van ons. Dit is God wat vergewe, God wat geloof wek en laat groei, God wat die lewe gee.

Die moeilikheid begin, sê hy, wanneer dominees vergeet Wie eintlik in beheer is. Dis dan dat hulle uitbrand, hul bediening verongeluk, hul gesinne verwoes. Dit gebeur wanneer die Drie-eenheid nie meer Vader, Seun en Heilige Gees is nie, maar *Me, Myself, I.*

Volgens 1 Korintiërs 4 is dominees ook maar net *dienaars van Christus en bestuurders aan wie die geheimenisse van God toevertrou is*. 'n Bestuurder is nie die skepper of outeur van God se heil nie, hy span dit net in, leef dit, verkondig dit tot eer van God.

Dominees brand uit, sê Scott Thomas in sy boek *Gospel Coach,* omdat hulle van prestasie 'n afgod maak. Hulle meet hul selfwaarde aan hoe goed of hoe sleg húlle presteer. En prestasiemeting is verleidelik, want dit lewer onmiddellike resultate, kan waargeneem word en behels dikwels ander se lofgesange oor jou.

Die goeie nuus, sê *pastorpelton*, is dat Jesus in ons plek *presteer* het en nie ons hulp nodig het nie. Ons identiteit en ons selfwaarde lê nie in wat ons vir God dóén nie, maar eerder in wie ons in Christus ís. Ons ís kinders van ons hemelse Vader. Ons ís vergewe. Ons hét hoop. Ons hét die lewe. Dis alles geskenke van God.

En daarom kan dominees aanhou om dominees te wees. Ons weet immers hoe die verhaal eindig, want dis nie óns verhaal nie, dis God se verhaal. Ons is maar net byspelers in hierdie verhaal. Ons kan daarom as dominees rustig raak, want ons rus is geleë in God, en ons rustigheid kom uit die wete dat Hy ons in sy diens wil gebruik. Aldus *pastorpelton.*

Ek wil hier tog 'n lansie breek vir die meeste van ons Kerk se dominees, soos ek hulle ken en sien. Ek dink ons verstaan dat dit nie oor ons gaan nie, maar oor God. Die onlangse Voortgesette Teologiese Toerusting het dit weer vir my gewys. Al die dominees daar het entoesiasties meegewerk aan die vraag: *Hoe kan ons meewerk sodat God se barmhartigheid meer en meer in die wêreld sigbaar kan word?*

Dis nie altyd 'n maklike opgaaf nie. Mag ek daarom mooi vir ons lidmate vra: Onthou om vir ons, julle dominees, te bid. Ons het julle gebede baie, baie nodig.

Ds Etienne Fourie

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet aan die Sekretaris vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, by **wouter@nhk.co.za** gestuur word, of skakel hom by 082 339 2332.

Bydraes vir moontlike plasing in die *e-Hervormer* moet asseblief teen Dinsdaemiddae 16:00 OP DIE LAATSTE na **produksie@nhk.co.za** gestuur word.

- Die volgende skrywe is ontvang van **Rev Geoff van Schie**, *Ecumenical Secretary* van die **Christian Reformed Churches of Australia**: “It is with great sadness that we in the Christian Reformed Churches of Australia have heard of the divisions that are occurring in the NHK as a number of congregations withdrew from the Church after the rejection of appeals as to the decision of Synod 2010 on apartheid. This causes us profound sadness, as we know it is not only causing the members of the NHK much distress of heart and mind, but such division in the church grieves Christ, the Head of the Church.

  Be assured the churches of the Christian Reformed Churches of Australia support the NHK in your time of need and earnestly pray the Lord will restore peace in the Church. May that peace not be that of compromise of the Gospel, but a steadfast stand for that Gospel, as was made at Synod 2010 and again in the overturning of the appeals in 2011.

  We are sure that from your distress, if you hold your ground for the truth of the Gospel, the Lord will cause new growth to emerge. May the Lord add to your number a vast number of people who at this time do not know Christ in a saving way, concerning whom Jesus has said that over even one such convert the whole of heaven rejoices (Luke 15: 7).

  Through his Word and Spirit, may the Lord strengthen you in the troubled days ahead.”

- **André Dreyer**, 19-jarige seun van Thomas en Ansofie Dreyer (emerituspredikant ds Thomas en mev Marié Dreyer se kinders), is verlede Donderdag deur ’n seestroom meegesleur; sy liggaam is Dinsdagmiddag 10 Julie deur sy pa gevind by Oubosstrand by Eersterivier – dit is waar hy soek geraak het. Hy is die tweede kleinkind wat ds Thomas-hulle verloor het; jare gelede het hulle ’n kleinseun op 10-jarige ouderdom verloor. Gedurende Mei 2010 is ds Thomas-hulle se seun Frans in die Libiese vliegtuigongeluk oorlede. Die roudiens vir André word Dinsdagoggend 17 Julie om 11:00 deur ds Thomas Dreyer (jr) vanuit Gemeente Philadelphia gehou. Ons innige meelewing gaan aan die hele familie.

Dr Ananda Geyser-Fouché

- **Dr Ananda Geyser-Fouché** sal vanaf 1 Augustus 2012 in die Departement Ou-Testamentiese Wetenskap as Senior Lektor vanweë die NHKA werksaam wees. Sy is ’n bekwame toevoeging tot die doserende komplement en beskik onder andere oor sowel ’n PhD in Ou Testament as ’n MA in Klassieke Hebreeus (*cum laude*). Baie geluk aan haar en baie seën ook vir hierdie groot uitdaging!

- **Gemeente Swartkop** samel **ou en oortollige Bybels** met die hulp van ander gemeentes (binne en buite die NHK) in en versprei dit dan aan behoeftige gemeentes. Oor die afgelope jare is baie Bybels en ander Christelike lektuur so versprei. Die behoefte aan Bybels in Afrikaans en Engels bly steeds groot. ’n Bybel is soos ’n sendeling: Dit bring die Blye Boodskap aan ander. Maar ’n sendeling met baie voordele, aangesien dit geen voedsel, brandstof, behuising, toelaes, ensovoorts, vereis om te funksioneer nie! As u aan die poging wil deelneem, kontak Gemeente Swartkop se kerkkantoor by 012 654 3471, of Hennie Roux by 012 660 0632 / 082 848 9789.

- Die **MRCC** gemeente in **Mabopane** het pas ’n crèche begin. Tans sit die kinders nog op die vloer en word die vrywillige werkers nie vergoed nie. Enigiemand wat

finansieel of met meubels of toebehore tot die projek wil bydra, kan in verbinding tree met ds **Modisaotsile Motloba**, by 012 322 8885 x262 of **mrcc@nhk.co.za**.

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES: 'n Wenk vir bejaardesorg**
  Beding gerus spesiale korting by plaaslike diensverskaffers vir die bejaardes in jou gemeente en gemeenskap, en maak dit dan bekend aan die bejaardes sodat hulle die besighede kan ondersteun.
  Gaan na **www.diakens.co.za** vir meer inligting oor bejaardesorg.

- **Bejaardes en gestremde persone in Pretoria:** Munisipale korting word toegestaan deur die *City of Tshwane*. Gaan na **www.diakens.co.za** en kyk regs by 'Warm brood' vir die aansoekvorm. Indien u probleme ondervind om toegang tot die aansoekvorm te verkry, kan u in verbinding tree met die sekretaris van die Algemene Diakensvergadering, ds Gerhard Stoltz, by **gerhard@diakens.co.za**.



Bybelse Dagboek / Almanak 2012

- Daar is nog eksemplare beskikbaar van die ***Almanak/Bybelse Dagboek* van 2012**, nou teen die **verminderde prys van R60** (posgeld uitgesluit). Kontak mev Susann van Zyl van die SENTIK-boekwinkel by **sentik@nhk.co.za**, 012 322 8885 x291 of faks 086 633 4054.

- **Gemeente Piet Retief** vier vanjaar hul **eeufees**. Alle lidmate wat voorheen aan die gemeente verbonde was, word versoek om vertellings, foto's en ander gedenkwaardighede beskikbaar te stel. Skakel Jan Venter by 082 925 3951 of 017 826 3604.

- **Gemeente Kruin** in Wilropark, Roodepoort, beskik oor 'n **vakature vir 'n musiekleier/orrelis**. Aansoeke word ingewag van toepaslik gekwalifiseerde persone. Van die persoon word verwag om die gemeentesang met orrel te begelei, en aktief betrokke te wees by liturgiese beplanning binne die klassieke Reformatoriese erediens. Vergoeding is onderhandelbaar volgens die Kerk se orrelisvergoedingsriglyne en nodige ondervinding. Stuur 'n volledige CV met kontakbare verwysings **voor Donderdag 19 Julie** na **nhkkruin@gmail.com** Aansoekers wat op die kortlys geplaas word, sal genooi word vir 'n onderhoud en moet ook gereed wees om 'n proefspel te lewer. Die gekose kandidaat moet so spoedig moontlik diens aanvaar. Navrae kan gerig word aan ds Kobus Pienaar by 083 459 0471.

- **Gemeente Buffelspoort** (by Mooinooi) beskik steeds oor 'n vakature vir 'n **orrelis.** Stuur aansoeke aan ds Neels van Tonder by **nvtonder@vodamail.co.za**, of kontak hom by 072 633 3367.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die gemeente bied gratis verblyf vir 'n **predikant en sy/haar gade** in ruil vir die gratis preek; **een** voorskoolse kind kan gehuisves word. Daar word voorsien vir **twee nagte**; indien u 'n ekstra nag wil oorbly en ekstra mense bring, moet u dit **vooraf** met Jan Bette by 073 790 3357 bespreek; die derde nag en ekstra mense is op u eie koste. Kontak Johanna by 072 116 3353 of **nhkdullstroom@yahoo.com**.

Spesiale eredienste

- **Gemeente Bosmansrust: Sondag 23 September om 11:00**
  Dankfees en Nagmaal
  Viering van 125ste bestaansjaar van gemeente
  100-jaar-viering van kerkgebou
  Alle oudpredikante en vorige lidmate welkom
  Ete na die diens
  Antwoord asseblief voor 1 Augustus
  Kontak Piet Marx by 082 708 6761 of **pamarx@lantic.net**

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 20 Julie, en word hartlik geluk gewens.**

  - Donderdag 12 Julie: Di Anna-Marie Kloppers (Krugersdorp-Oos), Lewis Strauss (Bloemfontein-Wes) en prof Jimmie Loader (buiteland)
  - Vrydag 13 Julie: Ds Jakkie Jacobs (emeritus)
  - Maandag 16 Julie: Di Ronel Eckard (beroepafwagtend), Jimmy Manders (Witfontein), Jan Rossouw (emeritus) en Piet van Wyk (Sonlandpark)
  - Dinsdag 17 Julie: Di Willem Dykema (Bloemfontein), Johan Greyling (Tarlton) en Hannes van der Merwe (Pretoria-Oos)
  - Vrydag 20 Julie: Ds Mari du Plessis-Manders (Suidoos-Witbank) en dr Gert Volschenk (buiteland)

Beplande vergaderings

- Woensdag 18 Julie: Finkom van die Kinderhuise
- Donderdag 19 Julie: Redaksie van *Die Hervormer*
- Vrydag 20 Julie: Moderamen
  Finkom van die Ondersteuningsraad
- Saterdag 21 Julie: NHSV Dagbestuur

Kursusse en toerusting

- **Gemeente Pretoria NHSV: Inleidende Traumakursus**
  Saterdag 21 Julie van 08:30 tot 14:00
  In die kerkgebou, Du Toitstraat 169, Pretoria
  Aanbieders di Japie Coetzee en Annerie Conradie
  Toegang R10 per persoon, verversings ingesluit
  Kontak Ansie Joubert voor of op 18 Julie by 012 321 7580 as u wil bywoon

- **Gemeente Pretoria-Oos Damesbediening: Toerusting**
  Kniel deur jou krisis
  Saterdag 28 Julie om 09:00
  Kerkgebou, Delyweg 100, Waterkloofpark
  Spreker dr Eugene Kemp
  R20 per persoon
  Bespreek teen 20 Julie by:
  Gemeentekantoor 012 460 8441
  Gerda van der Merwe **gerdavdm2@gmail.com**
  Elsa Geldenhuys **elsageldenhuys@gmail.com**

- **Gelowige Gesinne Gesprek (GGG): Naweekseminaar**
  Vrydag 14 tot Sondag 16 September
  Inisiatief van Kommissie van die AKV, gefasiliteer deur Gemeente Montana
  Kerkterrein, hv Azanza- en Jan Bantjiesstraat, Montana
  Tema: *Sagte-oë-ouerskap*
  Ouerskap met ’n verskil: Hoe om jou kind emosioneel gesond te maak
  Is jy ’n ouer, werk jy daagliks met kinders en ouers op terapeutiese vlak?
  Is jy betrokke by ouer- en kinderbediening?
  Kontak Esmé by Montana-kerkkantoor 012 567 1753

Beskikbare behuising

- **Ons Tuis (Riviera)**
  Tehuis vir versorging van verswakte bejaardes het tans plek beskikbaar
  Volledige versorgingsfasiliteit wat insluit:

- 24-uur mediese versorging
- 3 maaltye per dag
- Sekuriteit
- Gereelde sosiale aktiwiteite

Vir meer besonderhede, skakel Ons Tuis
Matrone E Mans 012 329 3623
Aansoekvorms kan afgetrek word van **www.otmt.org**
of kontak H Fourie by 012 325 1857 om aansoekvorms te stuur

Konserte en feeste

- **Saterdag 28 Julie 09:00 vir 09:30: Gemeente Pretoria NHSV**
  English High Tea
  Drag: Formeel (kerkdrag met hoed, krale, handskoene, ens)
  Spreker: Jackie Nel met *Modewenke vir die winter*
  Stringetjie egte pêrels sal met 'n trekking weggegee word
  In Dienssentrum van Ons Tuis
  hv Soutpansbergweg en Parkerstraat, Riviera
  Ingang in Parkerstraat, veilige parkering
  Donasies by deur sal welkom wees, vir barmhartigheid
  Kontak Ansie Joubert by 012 321 7580

- **Saterdag 21 Julie om 19:00: Ring van Laeveld en SAKOV: Orreluitvoering**
  NG Kerk Wolkberg, Tzaneen
  Bekende orrelis Zorada Temmingh
  Kaartjies by deur, R50 volwassenes, R20 hoërskoolkinders
  Laer- en voorskoolkinders gratis
  Skakel 072 144 7514
  Program van Zorada: *The Phantom of the Opera*
  Haar derde geïmproviseerde orrelklankbaan vir 'n stomfilm
  en 'n musikale kragtoer
  Terwyl gehoor na oorspronklike stomfilm (1925) kyk,
  skep sy 'n klankbaan gebaseer op bekende operamusiek

- **Saterdag 28 Julie om 09:00: Gemeente Alberton: Pa-en-seun-ontbyt**
  Tema: *Jag*
  R50 per persoon
  Kaartjies beskikbaar by ds Tiaan Loedolff 073 529 1538
  en Pieter Schreiber 082 332 4252

- **Donderdag 9 Augustus: NHSV Hartbeesfontein: Damesoggend**
  NG Kerksaal Hartbeesfontein 10:00 vir 10:30
  Hernu jou lewe, gees, styl en uitkyk
  Inspirerende nuwe idees, pitkos en 'n vars nuwe styl – spesiaal vir jou!
  Saam met Henre Botha (Gospelsanger) & Augus & Ronel
  Aandrokke word gemodelleer
  Stalletjies & ligte ete
  R100 per persoon
  Kontak Carina by 082 564 1424 of Lizbe by 082 878 6643

- **Saterdag 18 Augustus: NHSV Leeudoringstad: Oggendtee met 'n verskil**
  Smaaklike sjampanje-ontbyt
  Tema: *Titanic*
  Kontak Corrie Marais by 082 374 6026 of **corriem@suidwes.co.za**

- **30 Augustus tot 8 September: Gemeente Delmas**
  Jerusalem, Jerusalem!
  Interkerklike opvoering
  By NG gemeente Delmas-Wes
  Vir meer inligting, kontak Martin Rossouw by 082 410 1936

Kampe en toere

- **Toer op Bybelse voetspore...**
  Egipte, Israel en Jordanië
  4-18 Desember 2012
  Kontak ds Hannes van der Merwe by 082 575 1979
  of **hannes@pretoriaoos.com** vir meer inligting

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Losberg in Fochville: Biltongaand**
  Vrydag 20 Julie
  Besighede kan tafel met 10 sitplekke bespreek vir R3 200
  Gaskunstenaar Thys die Bosveldklong
  Verskeidenheid biltonge, cabanossies, chilli bites, kaassoorte, brode, konfyte
  Veiling sal gehou word
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 018 771 2617
  Bespreek vroegtydig!

- **Gemeente Witfield in Boksburg: Boogjagkompetisie**
  Sluitingsdatum: 29 Julie 2012
  Kaartjies R100 donasie
  1ste prys: 10 diere, waarde R40 000, en 5 nagte verblyf
  2de prys: 8 diere, waarde R19 300, en 3 nagte verblyf
  3de prys: 6 diere, waarde R11 000, en 3 nagte verblyf
  Geborg deur Nyalarus, tussen Groblersdal en Marble Hall
  Geweerjag kan gereël word
  of keuse om plaas se professionele jagter te gebruik
  Pryse verval op 30 September 2012
  Kontak Adri Nel by 084 200 1027
  of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895 vir meer inligting

- **Gemeente Leeudoringstad: Kompetisie om Doringfees bekend te stel**
  Pakkette beskikbaar, ook aan gemeentes
  R1 000: Boekies ter waarde van R10 000
  (gemeente kan dus R9 000 wins maak)
  R2 500: 50 boekies ter waarde van R25 000 (wins R22 500)
  R5 000: 100 boekies ter waarde van R50 000 (wins R45 000)
  Kaartjies slegs R50 elk – en 11de kaartjie in die boekie is gratis
  Trekking Saterdag 29 September om 12:45
  Kontak Berno Robinson by 082 395 9241

Basaars en markte

- **Vrydag 3 tot Sondag 5 Augustus: Gemeente Buffelspoort: Buffelfees**
  By ATKV Buffelspoort Vakansie-oord buite Mooinooi
  Kunstenaars Vrydagaand: Ian Wessels (Loslippig) en Jason Bradley

Saterdag: Manie Jackson, Jennifer Zamudio, Johan Britz, Jenny Kirsten, Jolanda Spann en Jason Bradley
Saterdag ook bergwedloop, minikrieket en Mej Buffelfees
Heerlike kos en uitstallings
Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 014 572 3125
of **marikana@nhk.co.za**

- **Saterdag 1 September: Gemeente Montana: Bokkefees**
  Op kerkterrein (hv Azanza- en Jan Bantjiesstraat, Montana)
  Wildsgeregte om van te kies en keur asook ander eetgoed
  Boogskiet vir ouers en kinders, speletjies, perderitte, ens
  Kontak Esmé by gemeentelike kerkkantoor 012 567 1753

- **Vrydag 28 tot Sondag 30 September: Gemeente Zeerust**
  Bosrumoer
  By Doornrivier 4x4, Zeerust
  Kontak ds Barrie Oberholzer by 082 211 7926 of **bosrumoer@gmail.com**
  http://www.bosrumoer.co.za

- **Saterdag 29 September om 09:00: Gemeente Leeudoringstad**
  Doringfees
  Gaskunstenaar Sorina die Flooze
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 018 581 2055
  of **nhkleeutjies@nwet.co.za**

ANDER NUUS

- **VAKATURE: KONTRAKAANSTELLING (1 JAAR) VIR REKENMEESTER**
  Sinodale Kerkkantoor, Hervormde Kerk

  Minimumvereistes:
  - BCom of gelykwaardige kwalifikasie
  - 3-5 jaar toepaslike ervaring
  - Rekenaarvaardigheid in Microsoft Office-pakket en Pastel
  - Vaardigheid met *rekeningkundige* uitset wat ontwikkeling en interpretasie van bestuursinligting insluit
  - Uitstekende kommunikasievaardighede in verskeidenheid situasies en voorleggings
  - Geldige rybewys
  - Gebruikersvaardigheid in ACCPAC sal aansoek ondersteun

  Dit word van die kandidaat verwag om as spanlid te funksioneer en, in die besonder, binne die etos van die Hervormde Kerk tuis te voel

  Sluitingsdatum is 20 Julie en aansoeke moet met volledige CV gerig word aan mev Susan Moore, Afdeling Mannekrag, Posbus 2368, Pretoria 0001; 012 322 8885 x252; faks 012 322 7909; **mannekrag@nhk.co.za**.

- **VAKATURE: PLEEGOUERS IN DPS-HUIS RUSTENBURG**
  Diensaanvaarding gedurende derde kwartaal van 2012
  Aansoeke sluit nou op 21 Julie

  Die vereistes is onder andere:
  - Getroude egpaar
  - Verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud
  - Lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk
  - Goeie gesondheid
  - Aanvoeling vir kinders

Benewens maandelikse kontantvergoeding ook gratis inwoning in die DPS-huis

Kontak die volgende persone vir meer inligting:
Mnr Otto Viljoen: 012 322 8885 of 079 495 2007 of kinderhuise@nhk.co.za
Ds Johan van Wyk: 014 592 1779 of 082 577 4091 of vanwyka@mweb.co.za

- **Die Ondersteuningsraad (OSR)** bied vanjaar weer vir minderbevoorregte tieners 'n kamp aan te Mooikrans Equus in Amersfoort. Die kamp sal hierdie keer langer wees (Sondagoggend 30 September tot Vrydagmiddag 5 Oktober 2012), weens die intensiewe program wat vir die kinders aangebied gaan word. Die koste beloop **R850 per kind** wat die busvervoer, etes, aanbieding van die program, gebruik van toerusting, ensovoorts, insluit. Die kinders word onder andere geleer om perd te ry en perde te versorg, wat op sigself 'n terapeutiese doel vir gebroke kinders het. Aangesien hulle nie vir hulself kan betaal nie, word fondse benodig om die kinders te borg. Persone wat 'n **kind wil borg of 'n donasie wil maak**, moet asseblief vir Suzanne van Deventer van die Pretoriakantoor by 012 325 2320 of **oraad@telkomsa.net** kontak om die nodige reëlings te tref. Die bankbesonderhede is soos volg:

  Die Ondersteuningsraad
  ABSA
  Tjekrekening
  Rekeningnommer: 000602795
  Takkode: 323 345
  Beskrywing: Kampfonds

- **Beeld-Kinderfonds 2012**
  Die kompetisie deur Beeld-Kinderfonds om fondse vir die versorging van kinders in te samel, het op 15 Junie afgeskop. Die **kaartjies beloop R25** elk, waarvan R12,50 aan elke deelnemende welsynsorganisasie terugbetaal word. Onder andere 'n Peugeot 107, 'n seereis op MSC Sinfonia, 'n vakansie by Go Wild Resorts asook R50 000 in kontantpryse kan gewen word. Kaartjies is beskikbaar by **die Ondersteuningsraad** se kantore asook by hul hoofkantoor en die Sinodale Kerkkantoor in Pretoria. Kontak Ansie Cromhout of Susan Moore by 012 322 8885.

- **NEGENDE SUID-AFRIKAANSE KONGRES VIR CALVYNNAVORSING**
  15 tot 17 Augustus 2012 (Woensdagaand tot Vrydagmiddag)
  Aros (Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies) is gasheer
  Kontak ds HH van Alten by **hhvanalten@vgkmaranata.org.za**
  of 012 332 3256 indien u wil bywoon

- **Bybelgenootskap: Gholfdag**
  Dinsdag 9 Oktober: Gelyktydige begin 11:00
  Serengeti-gholfklub
  Betterball Stableford
  R3 000 per 4-bal (sluit aandete in)
  Kontak Jenene Bernhardt by 011 552 7208
  of **jenene@serengeti.co.za**

- **ADVERTENSIES waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word.** Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word

sonder dié bewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
Raad van Finansies
ABSA Bank
Tjekrekening nommer 020-000-287
Takkode 632-005
Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Ervaar u teenstand teen u besluit om lid van die NHKA te bly?

Stuur u naam, gemeente, e-posadres en kontaknommer na die SMS-hulplyn 074 406 6303

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na **www.nhka.org** → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Ek het met heimwee gelees aan ds en mev Sauer van Groot Marico se artikel *Is jul karnaval ook 'n geloofservaring?* Ons was in die laat tagtigs lidmate van Gemeente Groot Marico, en dit was gedurende daardie jare dat die gemeente onder leiding van ds Kern en broer Nel hierdie *mega-basaar* beplan en tot uitvoer gebring het. Watter fees! Sowat van samewerking in die geloof het ons lanklaas beleef, en natuurlik die vrugte finansieel asook geestelik gepluk.**"**

Frans en Anita Booyse, Gemeente Waterval Boven

AGTERBLAD

Bybelvasvra 2012

Die jaar het fluks gevorder, en sommige ringe het reeds hul Ringsvasvra gehad. Die meeste ringe hou hul Vasvra op Sondag 29 Julie.

Ringe wat op hierdie datum hul Vasvra hou, is welkom om die vraestelle wat die Komitee vir die Landswye Bybelvasvra beskikbaar stel, te gebruik. Ringskoördineerders moet ons asseblief laat weet indien hulle in die vraestelle belang sou stel. Die vraestelle, antwoordstelle en memorandums word Sondagoggend 29 Julie per e-pos na koördineerders gestuur.

Drie spanne per kategorie per ring dring na die landswye finaal deur. Ringskoördineerders word versoek om ons te laat weet watter spanne deurdring, sodat finale reëlings met gemeentes vir die finaal getref kan word.

Die finaal vind plaas op 22 September 2012 by Kwaggasrus-kampterrein buite Brits. Soos verlede jaar, is gemeentes welkom om die naweek saam te kamp. Die koste beloop R200 per persoon. As julle die hele langnaweek (tot die Maandag) saam wil kamp, kos dit R300.

Ds Stephen de Beer

Ds Stephen de Beer 083 7812955 / **gsdebeer@gmail.com**
Ds Marna Naudé 078 639 1278 / **marna.naude@gmail.com**

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx